

26 Desember

Lukas 10:17-24

Uitjubel deur die Heilige Gees

Daar is twee soorte van bly wees. Jy kan bly wees oor alledaagse gebeure, oor goeie omstandighede, oor voorregte. Enige mens kan die soort blydschap besit. Gelukkig is daar nog baie sulke blydschap in die wêreld. Dit kom ook van God. Baie mense het rondom Kersfees hierdie soort blydschap beleef deur gelukkig en gesellig as gesinne, familie en vriende saam te kon wees. Die Here gee dit vir gelowiges en ongelowiges, hoewel laasgenoemdes Hom nie daarvoor dank en eer nie.

Dan is daar ook 'n ander soort blydschap. Dit is 'n blydschap deur die Heilige Gees. Jesus het die soort blydschap gehad. Hy het deur die Heilige Gees uitgejubel (vers 21). Net mense wat die Heilige Gees besit het die soort blydschap. Verse 21 en 22 sê vir ons waaroor die blydschap gaan:

*Jy kry daardie blydschap as die Seun van God aan jou bekendmaak wie Hy is en wie die Vader is. Dan weet jy wat die Vader en die Seun vir jou kom doen. Jesus het 72 van sy dissipels uitgestuur en hulle kom met die wonderlike berig: *"Here, selfs die duiwels onderwerp hulle aan ons by die hoor van u Naam"* (17).

Dink mooi na en dan sal u besef dat dit rede is om deur die Heilige Gees uit te jubel omdat die duiwels uit jou lewe wyk wanneer hulle hoor dat jy met geloofskennis die Naam van die Here Jesus aanroep! Dit is nie net die duiwel wat die wyk neem nie, maar die Heilige Gees kom maak jou vol (Ef. 1:23). Ken u daardie blydschap? Kan u daarvoor uitjubel saam met Jesus?

*Daarvoor hoef jy nie slim en geleerd te wees nie. Jy moet eintlik eenvoudig wees (vers 21). Jy moet jou deur God laat leer. Jy tel dan onder die hoogsbevoorregtes wat sien en hoor wat profete en konings deur die eeue begeer het om te sien.

God maak die geheim nog elke dag aan sy kinders bekend. Dan jubel hulle daarvoor uit deur die Heilige Gees saam met Jesus. Ken u aan die einde van die jaar, nadat u die Christusfees gevier het, hierdie blydschap? Moet met niks minder tevrede wees nie.

Ds. C. Hattingh (Rietvallei)